**NGK JEFFREYSBAAI – PARADYSSTRAND**
**LUISTERPROSES**

*Liewe susters en broers in Jesus Christus*

*Ons is diep bewus daarvan dat ons met hierdie luisterproses op heilige grond beweeg. Die erediens is nie bloot 'n program, stylvoorkeur of aktiwiteit van die gemeente nie, maar die ruimte waar God se mense saamkom om die lewende God te ontmoet, gevorm te word deur die Woord en Gees, en weer gestuur te word om as dissipels in die wêreld te leef.*

*Hou asseblief in gedagte dat hierdie verslag nie bedoel is om 'n evaluering van die gemeente in terme van "goed" of "sleg" te wees nie. As buitestanders is ons doel nie om julle te prys of kritiek te lewer nie, ook nie om advies te probeer aanbied nie. Julle ken immers die gemeente in haar konteks, en dis julle eie verantwoordelikheid om geloofsonderskeidend vas te stel waarvoor die Here julle roep. Ons probeer die kultuur wat ons raak sien so getrou as moontlik reflekteer soos wat ons dit uit die response aflees. Ons poog om met 'n waarderende ingesteldheid te luister na die verhale, patrone, energiepunte, verlange en bekommernisse wat uit die gesprekke na vore kom.*

*'n Spesiale dankie aan almal wat saamgewerk het om hierdie onderhoude te voer en te dokumenteer. Al hierdie werk is uiters waardevol vir julle proses van nadenke en onderskeiding van wat God besig is om in Paradysstrand te doen, en wat God die gemeente roep om saam met God te doen.*

*Ons hoofdoel is om leierskap en die gemeente te help om bewus te raak van die gawes wat reeds teenwoordig is, maar ook om eerlik te luister na die uitnodigings wat uit hierdie gesprekke kom. Ons glo dat Christus reeds aan sy kerk die gawes gee wat nodig is om te wees waarvoor Hy haar roep.*

*Waar ons dalk verkeerd interpreteer of die grense van ons verstaan oorskry, vra ons by voorbaat verskoning. Ons doen hierdie werk in die gesindheid van Filippense 2:5–11 – om onsself leeg te maak van eie voorkeure en aannames, en nederig te luister na wat die Gees vir die gemeente sê.*

*Mag julle vir alle mense in julle woon- en werksomgewing tot oorvloedige seën wees.*

*Vrede vir julle.*

*Ankia du Plooÿ*

**Agtergrond waarteen die terugvoer verstaan moet word:**

*Ons probeer die onderhoude waarderend lees, op soek na patrone van gestuurdheid (missionaliteit) in die gemeente sodat julle nog sterker kan fokus op wat julle reeds in Christus besit. Die volgende agt patrone wat in mindere of meerdere mate voorkom in missionale (gestuurde) gemeentes, vorm ons denkraamwerk en help ons om terugvoer te gee oor die gemeente se missionale bewussyn en praktyke:*

1. *Roepingsbesef en begrip van gestuurdheid*
2. *Bybelse vorming en dissipelskap*
3. *Neem van risiko's as kontras-gemeenskap ter wille van God se koninkryk*
4. *Gewoontes en rituele wat wys op God se betrokkenheid in die wêreld*
5. *Aanbidding as openbare getuienis van God se teenwoordigheid en koningskap*

6. *Afhanklikheid van die Heilige Gees*
7. *Saam onderweg na God se koninkryk*
8. *Missionale spanleierskap*

*Ons hoofdoel is om julle gemeenteleiers bewus te maak van die energiepunte en patrone wat ons reeds by julle raaksien, en julle aan te moedig om nog meer bewustelik die gemeente te lei om al meer te word wat God julle bedoel het om te wees, naamlik God se gestuurde verteenwoordigers in die wêreld en spesifiek in julle konteks in Paradysstrand.*

## Profiel van Respondente

In hierdie luisterproses is **37 onderhoude gevoer**, wat die stemme van **39 persone** verteenwoordig (aangesien twee onderhoude deur egpare/familielede saam voltooi is).

### *Geslagsverspreiding*

Die verhouding tussen mans en vroue met wie gesprek gevoer is:

- **Mans: 17**
- **Vroue: 22**

Daar is dus ’n goeie verspreiding tussen manlike en vroulike stemme, met effens meer vrouestemme in die proses.

### *Ouderdomsverspreiding*

Die ouderdomsprofiel van respondente lyk soos volg:

- **50+ jaar:** 2 respondente
- **60+ jaar:** 14 respondente
- **70+ jaar:** 15 respondente
- **80+ jaar:** 7 respondente
- **Ouderdom nie aangedui:** 1 respondent

Die opvallendste kenmerk van die respondentprofiel is dat die meerderheid deelnemers **ouer as 60 jaar** is. Dit beteken dat hierdie verslag veral die stemme, ervarings en geloofsbelewenisse van ’n ouer generasie lidmate weerspieël.

### *Jare betrokke by die gemeente*[1]

Die verspreiding ten opsigte van hoe lank respondente reeds deel is van Paradysstrand lyk soos volg:

- **1–2 jaar:** 1 respondent
- **3–5 jaar:** 9 respondente
- **6–10 jaar:** 2 respondente
- **Meer as 10 jaar:** 27 respondente

’n Baie groot gedeelte van die respondente is mense wat reeds vir langer as tien jaar saam aanbid. Hierdie lang verbintenis wys waarskynlik op ’n diep geskiedenis, lojaliteit en liefde vir die geloofsgemeenskap.

---

[1] Wanneer die response oor al 8 vrae saamgelees word, kom daar ’n duidelike maar genuanseerde tendens na vore tussen respondente wat **10 jaar en korter** deel van Paradysstrand is en dié wat **langer as 10 jaar** deel van die gemeente is. Dit is nie ’n absolute verdeling nie (daar is uitsonderings aan beide kante), maar daar is wel patrone.

Respondente wat korter deel is van Paradysstrand beklemtoon veral die ervaring van tuiskoms, verwelkoming en ’n nuwe geloofsfamilie. Respondente wat langer as 10 jaar deel is van die gemeente dra sterker herinneringe van die gemeente se geskiedenis en verwoord daarom meer gereeld vrae rondom verandering, liturgiese identiteit en besluitnemingsprosesse. Beide groepe deel egter ’n sterk waardering vir Paradysstrand as ’n warm geloofsgemeenskap waar koinonia sentraal staan.

Nog ’n belangrike waarneming tov vraag 5 en 6 se temas:

- “van bo af”
- onvoldoende gesprek
- nie gehoor voel nie
- verandering moet saam onderskei word

kom sterker voor by respondente wat langer deel is van die gemeente.

**Betrokkenheidsvlak**
Respondente is gevra om hulle betrokkenheidsvlak aan te dui. Die terugvoer wys ’n wye verspreiding – vanaf persone wat hul betrokkenheid laag aandui (1–4), tot ’n groot groep wat hulself as baie betrokke (8–10) beskryf.

’n Beduidende aantal respondente dui ’n baie hoë betrokkenheid aan (veral vlak 7–10). Dit beteken dat baie van die stemme in hierdie verslag van mense kom wat gereeld deelneem, teenwoordig is en ’n sterk verbintenis met Paradysstrand het.

***Let wel: In die verslag wat volg, word alle direkte aanhalings uit die antwoorde tussen aanhalingstekens geplaas.***

**<u>Vraag 1: Beskryf die gemeente se eredienste aan 'n nuwe persoon</u>** *(bv. Hoe sou jy die aard, styl en atmosfeer van aanbidding in die erediens beskryf?)*

Die mees oorheersende tema in Vraag 1 is die **belewenis van koinonia, familie en behoort**. Ongeveer 29 uit die 37 respondente (±78%) beskryf Paradysstrand se eredienste as 'n warm, verwelkomende ruimte waar mense tuis voel, mekaar ken, omgee en 'n sterk gevoel van geloofsfamilie ervaar.

Die woord "*familie*" (x10) word telkens gebruik om die aard van die gemeente te beskryf. Respondente vertel onder andere:

- *"Ons is 'n familiegemeenskap."*
- *"'n Fantastiese familiekerk."*
- *"Hier is 'n lekker familie gevoel."*
- *"Hier is ons soos 'n familie. Hier is liefde, en ons geniet die eredienste."*
- *"Ons is een groot familie."*
- *"Tipies NG Kerk. Soos familie. Gemoedelik, groet mekaar en gesels."*
- *"Die gemeente is haar familie, sy is tuis en is baie gelukkig."*

Een respondent vertel dat Paradysstrand vir hulle 'n nuwe geestelike tuiste geword het: "*Ons het reeds voorheen by Da Gama en die Kompleks aanbid, maar vir die afgelope klopie jare het ons 'n tuiste in Paradysstrand gevind. Ek is opgewonde om kerk toe te gaan en beleef die eredienste as verwelkomend, ek ervaar vrede en liefde.*" Nog 'n respondent vertel hoe 'n "*nuwe, vreemde gemeente*" vir hulle "*familie geword*" het.

'n Tweede sterk tema is die **gasvryheid, vriendelikheid en verwelkomende karakter** van die gemeente. Ongeveer 22 uit die 37 respondente (±59%) verwys daarna dat mense raakgesien, gegroet en ingetrek word in die gemeenskap. Veral nuwe intrekkers en besoekers ervaar dat hulle vinnig deel word van die gemeente. Hulle vertel:

- *"Stap van vooraf in en konnekteer met vriendelike gesigte. Sien dus nuwelinge dadelik raak en maak kontak."*
- *"See van vriendelike gesigte."*
- *"familie-atmosfeer wat verwelkomend vir almal is."*
- *"Ek het dadelik tuis gevoel."*
- *"Verwelkomende atmosfeer."*
- *"Warm, innemend, sal jou gou intrek en op gemak stel."*
- *"Jy voel onmiddellik jy is deel van die gemeente…Almal groet almal en daar is baie gasvryheid."*
- *"beleef die eredienste as verwelkomend."*
- *"groet openhartig, met die hand en drukkies, gesels hartlik saam."*
- *"almal ken mekaar… groet hartlik, gesels, gee om vir mekaar."*
- *"Gemeente het hom welkom laat voel van dag 1 af."*
- *"meelewende gemeenskap… lief en leed deel."*
- *"Warm, vriendelike ontvangs wat jou as nuweling dadelik ontvang… vreemdes word vriende."*
- *"Ons groet mekaar en gesels met mekaar."*
- *"Gemoedelik, groet mekaar en gesels."*
- *"familie-georiënteerd en verwelkomend."*
- *"Liefdevol en vriendelik. Ons gee mekaar drukkies wanneer ons groet."*
- *"vriendelikheid… lekker warmte met die ontvangs by die deur."*
- *"mense is hartlik, warm, gee om vir mekaar, kyk uit vir mekaar."*

Een respondent beskryf die unieke manier waarop nuwe mense ingetrek word: "*Dit word ondersteun met die sitplekke in die saal wat na die ingang kyk. Daar is dadelik oogkontak en besoekers en nuwe intrekkers word dadelik raakgesien. Dit is 'n plek waar vreemdes vriende word.*"

Verskeie respondente (x24) beskryf hierdie atmosfeer met woorde soos: "*warmte", "liefde", "rustigheid", "gemoedelik", "vriendelik", "omgee" en "meelewend".* Nog 'n respondent beskryf dit beeldryk: "*Die mense is hartlik, warm, gee om vir mekaar, kyk uit vir mekaar, dis 'n vrolike klomp mense bymekaar. Dit is soos vinke in 'n biesievlei, en sy loop oor van vreugde tussen hulle.*"

Die **samesyn voor en ná die erediens** blyk vir baie respondente (x12) 'n baie belangrike deel van die erediensbelewenis te wees. Respondente vertel:

- "*Samesyn is deel van ons kerkbesoek-avontuur."*
- *"Die samekoms voor die eredienste is goed en die kuier is lekker."*
- *"Ons groet mekaar en gesels met mekaar voor die tyd en na die tyd."*
- *"Ons gesels saam, kuier saam voor en na die erediens."*
- *"Na die eredienste is daar tee en iets te ete, en kuier hartlik saam."*

Vir sommige respondente (x5) is hierdie saamwees veral belangrik omdat baie lidmate alleen of afgetree is: "*Daar is sommige mense wat alleen is en sien uit daarna om saam met ander gelowiges bymekaar te kom.*" Een respondent meen die teetyd ná die erediens kan selfs nog meer doelbewus benut word: "*Tee na die tyd kan beter benut word vir nabetragting van die erediens. Die gemoedelike stemming is in elk geval lekker.*"

'n Verdere tema wat sterk na vore kom, is die waardering vir die **prediking en verskeidenheid van leraars**. Verskeie respondente (x9) beleef die verskillende predikers positief:

- *"Die verskillende predikers wat mekaar aflos maak die erediens interessant."*
- *"Geen 2 eredienste is dieselfde nie."*
- *"Elke predikant het 'n eie aanslag by die erediens."*
- *"Wonderlike leraars wat preek. Ons kom hoor wat die Here sê en nie wat 'n persoon sê nie."*
- *"Die dominees bring regtig goeie boodskappe."*

'n Respondent beskryf die Woordverkondiging as: "*wonderlik en Skrifgetrou.*"

Nog iemand vertel: "*Baie dankbaar vir die eredienste, verskeie leraars bring wonderlike dienste, al die leraars, vroulike leraars ingesluit. Leraars het hulle eie unieke wonderlike menswees.*"

Daar is egter ook respondente (x8) wat 'n ander ervaring rondom prediking en liturgie het. Hulle vertel onder andere:

- *"Dit hang af wie preek. Daar is predikers wie ons vermy."*
- *"By die prediking kom 'iets kort'."*
- *"Die Christusboodskap kom nie by elke erediens duidelik tot sy reg nie."*
- *"Die essensie van die Vader, Seun en Heilige Gees word oorspoel deur stories en bykomstighede wat nie relevant tot die Skriflesing is nie."*
- *"Liturgie en preek baie keer die laagtepunt van my week. Liturgie is arm."*

Een respondent ervaar dat die aard van prediking verander het: *"Eredienste van vandag is nie meer dieselfde as in die verlede nie. Voorheen preek predikant uit sy hart... Seisoenale/tematiese preke is nie goed nie."*

Die **musiek, sang en liturgiese elemente** word ook deur verskeie respondente (x8) genoem. Daar is baie waardering vir die gemeente se sang:

- *"Meelewing en sang is uitstekend."*
- *"Fantastiese orreliste/pianis. Ons sing lekker saam."*
- *"Ons sing lekker saam en neem deel aan die verskillende elemente van die liturgie."*
- *"Sing uit volle bors."*

Vir sommige respondente (x7) is die meer tradisionele liturgiese elemente belangrik: "*Die wet is na my mening 'n belangrike deel van die liturgie en dit word afgeskeep. Dan voel ek iets kort.*" Nog iemand vertel: "*Geloofsbelydenis hardop saam sê is baie belangrik. Liturgiese orde in erediens is baie belangrik om meelewend saam te volg.*" Daar is ook 'n behoefte aan meer stilte en gewydheid (x4): "*Ek soek gewyde tyd (stilte) so 'n rukkie voordat die erediens begin.*"

Die ouderdomsamestelling van die gemeente kom ook in die antwoorde na vore. Verskeie respondente (x6) verwys daarna dat Paradysstrand hoofsaaklik 'n ouer geloofsgemeenskap is. Respondente vertel:
- *"Hier is baie ouer mense. Dit is positief vir my."*
- *"Mense min of meer dieselfde ouderdom, min jongmense."*
- *"Meestal ouer, afgetrede mense, soos hulle."*

Een respondent beskryf die ouer lidmate as 'n besondere gawe: "*Die mense in gemeente is gryskoppe met baie lewenservaring, hulle was seniors in hulle beroepsveld, respekteer hulle, luister na hulle, leer by hulle, hulle is nederige diensknegte, hulle stap 'n lang pad met die Here.*"

Daar is egter ook 'n bewustheid van die behoefte om jonger mense ruimte te gee (x2): "*Ouer mense moet plek maak vir jonger mense.*"

Daar blyk ook 'n verlange te wees na **pastorale sorg, kleingroepe en persoonlike kontak** (x4). Een respondent vertel van die gemis aan 'n vaste leraar: "*Dit is 'n gemis dat daar nie 1 spesifieke leraar by Paradysstrand is, vir wie sy persoonlik ken, wat omgee en gereeld besoek, by wie sy vrymoedigheid het om hulp te vra nie.*" Nog 'n respondent vra: "*Hoekom kan ons nie ons eie probleme om die tafel met gebed oplos nie? Ons is gewoond aan 'n klein gemeente met wyke, wyksbyeenkomste, groepe. Waarom het ons nie meer wyksbyeenkomste nie?*" Hierdie respondent beleef: "*Die kerk reik nie meer uit na die mense nie, lidmate word nie besoek nie.*"

Samevattend beskryf respondente Paradysstrand se eredienste as 'n ruimte van besondere warmte, gasvryheid en gemeenskap. Die sterkste getuienis wat gehoor word, is dat mense hier behoort: "*Dit is 'n plek waar vreemdes vriende word.*" Terselfdertyd hoor ons ook 'n verlange dat hierdie familie-gemeenskap voortdurend moet bly onderskei hoe die erediens 'n ruimte kan wees waar God sentraal staan, waar Woordverkondiging en liturgie mense vorm, waar alle generasies ingenooi word, en waar mense nie net saam kuier nie maar saam die die lewende God ontmoet.

***Vrae en besprekingspunte vir oorweging:***

- Wat sou julle sê is die unieke karakter en geskenk van Paradysstrand se eredienste? Ons hoor woorde soos *"familie", "warmte", "liefde", "gasvryheid", "omgee", "rustigheid"* en *"'n plek waar vreemdes vriende word"*. Waarvoor dink julle het God hierdie spesifieke geloofsgemeenskap in Paradysstrand bymekaar geroep? Wat is die dieper doel van julle saamwees in die erediens?

- Wat hoor julle in die antwoorde van respondente wat 'n geskenk is wat julle van God ontvang het?

- Hoe kan julle hierdie besondere kultuur van verwelkoming en behoort koester en verder versterk sonder om 'n geslote familie te word? Verskeie respondente beskryf die gemeente as 'n besondere familie:
  - *"Ons is 'n familiegemeenskap."*
  - *"Dit is 'n plek waar vreemdes vriende word."*
  - *"'n Nuwe, vreemde gemeente het sy familie geword."*

Hoe help hierdie familie-karakter julle om nuwe mense in te nooi? Is daar dalk ook maniere waarop 'n sterk familiegevoel dit moeilik kan maak vir nuwe of ander stemme om deel te word? Hoe bly julle 'n familie met oop arms?

- Gasvryheid teenoor vreemdelinge is 'n wesenlike karaktertrek van 'n gestuurde gemeente. Ons hoor besonder baie verhale van mense wat sê hulle is raakgesien en verwelkom. Hoe kan hierdie natuurlike gawe van gasvryheid nog meer doelbewus gebruik word as deel van God se sending in Paradysstrand en Jeffreysbaai?

- Baie respondente vertel dat die saamkuier voor en ná die erediens vir hulle kosbaar is. Hoe kan hierdie kosbare ruimte van kuier en ontmoeting ook 'n ruimte word waar geloofsgesprekke, gebed, omgee en dissipelskap natuurlik gebeur? Hoe kan die teedrink-ruimte dalk nog meer 'n verlengstuk van die erediens word?

- Hoe luister julle na die volgende opmerkings van respondente? Wat is julle mening?
  - *"Die Christusboodskap kom nie by elke erediens duidelik tot sy reg nie."*
  - *"By die prediking kom iets kort."*
  - *"Liturgie en preek baie keer die laagtepunt van my week."*
  - *"Die wet is na my mening 'n belangrike deel van die liturgie en dit word afgeskeep."*

- Paradysstrand word deur verskeie respondente beskryf as 'n ouer geloofsgemeenskap. Een respondent beskryf dit mooi: "*Die mense in gemeente is gryskoppe met baie lewenservaring... hulle stap 'n lang pad met die Here.*" Hoe vier julle hierdie rykdom van geloofservaring en wysheid? Hoe kan hierdie geslag se verhale en geloof 'n geskenk word vir volgende generasies?

- Watter ruimtes bestaan tans waar julle as gemeente saam oor God se pad met julle vorentoe onderskei? Waar en hoe luister leiers en lidmate saam na die Woord, na mekaar en na die leiding van die Heilige Gees?

- As iemand oor vyf jaar Paradysstrand se eredienste moet beskryf, wat hoop julle sal hulle sê? Wat dink julle nooi God julle nou om te koester, los te laat en nuut te ontdek?

**<u>Vraag 2: Vertel 'n kort verhaal van hoe aanbidding in die erediens jou en ander lidmate help om te groei as dissipels van Christus.</u>**

Die antwoorde wys dat respondente dissipelskap en geestelike groei op verskillende maniere beleef. Vir baie is die erediens 'n belangrike ruimte waar hulle:
- God ontmoet,
- deur die Woord gevorm word,
- saam met ander gelowiges aanbid en
- aangemoedig word om hulle geloof prakties uit te leef.

Daar is egter 6 respondente wat meen dat die eredienste hulle nie voldoende help om geestelik te groei nie. Daar word vertel: *"Erediens help my nie groei nie", "Meeste eredienste help nie vir groei nie.", "Die aanbidding in die erediens help my nie om geestelik te groei nie. Ek beleef nie die erediens as 'n ontmoeting met God nie.", "Die paar kere wat ek wel kerktoe gegaan het, het ek die preke nie beleef as gees-geïnspireerd nie. Ek verkies om nou na predikante op YouTube te luister, waartydens ek geestelike groei beleef.", "Ek ervaar dat die eredienste my nie lei tot ek gevra word dat ek ook my kruis sal dra nie. Ek mis die leiding tot groei. Ek mis die diepte in die leiding van die erediens.", "Die erediens is te mens-gerig.", "Daar is nie enige iets wat my uitdaag of laat groei nie."*

Daar is egter vyftien respondente wat klem lê op die belangrike rol van **Woordverkondiging en prediking** in geestelike groei. Hulle vertel dat die boodskappe in die eredienste hulle help groei:

- *"Die boodskappe van die afgelope tyd was baie sinvol."*
- *"Dominees wat ʼn goed voorbereide diens lewer bring geluk en Woordbediening is goed."*
- *"Ja dit laat my groei ongeag die prediker, geen klagtes nie."*
- *"Elke boodskap het sy eie waarde."*
- *"Die groei word aangebring deur die hoor van die Woord van die Here."*
- *"Die Woord word in verband gebring met ʼn mens se daaglikse lewe en uitdagings."*
- *"Dominees lewer goeie boodskappe. Die eredienste dra by tot groei. Ek beleef dit positief."*

Een respondent vertel spesifiek dat die tematiese reekse betekenisvol is: *"Tematiese prediking spreek my aan. Laaste maand se Jesaja-tekste was goed."* Nog iemand vertel: *"Die verskillende tema's maak dat ʼn mens nie ʼn erediens wil mis nie."*

Omtrent agt respondente spreek direk of indirek 'n verlange uit na meer Skrifdiepte, Christusgesentreerde prediking en gewydheid. Respondente vertel:

- *"Goeie Skrifgefundeerde preke, maar ongelukkig ook te veel 'storievertellings' wat nie relevant tot die boodskap is nie."*
- *"Meer Skrifgetroue prediking is nodig. Nie op menslike moralistiese vlak nie."*

Een respondent beskryf dissipelskap as iets dieper as bloot goeie menswees: "*Dissipelskap is nie hoe goed en gaaf lyk my lewe nie. Dit is eerder hoe lyk my oorgawe aan die Here.*" Dieselfde respondent beleef: "*Die erediens is te mens-gerig.*" Nog iemand beskryf die verlange na God se sentrale plek in die erediens en is van mening: "*Die Goddelikheid van God word uit die diens gehaal.*"

ʼn Tweede sterk tema is dat respondente (x15) groei beleef deur **aanbidding, sang, gebed en liturgiese momente**. Hulle vertel:

- *"Aanbidding en liedere bring jou in die regte stemming om die Here te ervaar."*
- *"Voorsang maak jou oop om die erediens te beleef."*
- *"Ek geniet die sang."*
- *"Die lofprysing is vir hom hoendervleis mooi."*

Gebed (x5) word ook genoem as ʼn belangrike ruimte waar mense God ontmoet: *"Wanneer ons bid raak ek geestelik ingestel."* Nog iemand waardeer die ruimte vir stilte: *"Geleentheid vir persoonlike stilgebed is vir my goed."*

Daar is egter ook respondente (x6) wat wonder oor die balans van sekere liturgiese elemente en simboliek: "*Die liturgiese ruimte word oordoen, daar is te veel goed, dit raak net te vol.*" Die spanning blyk nie te wees of liturgie belangrik is nie, maar eerder hoe liturgiese gebruike mense help om God dieper te ontmoet.

Respondente (x13) vertel ook dat geestelike groei plaasvind binne die **gemeenskap van gelowiges (koinonia)**. Hulle beleef dat saamwees deel is van dissipelskap:

- *"Daar is ʼn eensgesindheid en koinonia wat ons help met ons aanbidding in die erediens."*
- *"Ek luister graag en beleef die saamwees."*
- *"Om een te word met ander in die erediens bring vir my rustigheid, en dit help my om geestelik te groei."*
- *"By die eredienste beleef mense die gemeenskap van gelowiges. Lief en leed word gedeel."*

Een respondent stel dit mooi: "*Binne die gemeenskap van gelowiges wat saam die erediens bywoon, gebeur daar groei – meer as om by die huis na ʼn skerm te kyk en kerk te luister.*" Hierdie koinonia

word verder bewerkstellig deur die saam kuier na die erediens: "*Ons kry by koffie en tee na die erediens kans om die ervaring binne die erediens te bespreek.*"

Daar word melding gemaak van die rol wat **groeigroepe en geloofsgesprekke ná die erediens** (x6) speel. Respondente vertel dat hulle geloof gevorm word wanneer hulle saam met ander oor die Woord nadink: "*Ons neem deel aan die preekbesprekings in Paradysstrand, waar ons die preek van die vorige Sondag bespreek. Tydens hierdie geleentheid deel ons met mekaar hoe die Here met ons gepraat het.*" Hierdie respondent vertel van verhale waar lidmate mekaar deur hulle eie lewenservarings kon ondersteun en bemoedig: "*Dit is sulke verhale wat ons help om geestelik te groei.*" Nog 'n respondent vertel: "*Sy behoort aan 'n groeigroep wat weekliks bymekaar kom, en die erediens bespreek, die Woord met mekaar deel, hulleself met mekaar deel.*" Vir hierdie respondente gebeur dissipelskap nie net tydens die erediens nie, maar in die voortgaande gesprekke deur die week.

Respondente (x5) vertel ook dat groei sigbaar word in **praktiese diensbaarheid en omgee**. Een respondent vertel van vriende wat ná die erediens hulle geloof uitleef: "*Hulle bespreek in die week ná die Sondag die erediens, doen goed aan medemense, reik uit na mekaar, naaste, vreemdelinge.*" Nog iemand vertel van hulle betrokkenheid by die gemeente se kospakkieprojek: "*Dit beteken vir hulle baie om daarvan deel te wees, en te help om nood te verlig.*" Ons hoor dat aanbidding vir sommige respondente nie eindig wanneer die erediens klaar is nie, maar oorgaan in diens en liefde vir ander.

***Vrae en besprekingspunte vir oorweging:***

- Hoe sou julle as leierskap die doel van die erediens beskryf? Wat hoop julle gebeur met mense wanneer hulle op 'n Sondagoggend bymekaar kom? Hoe verstaan julle die verband tussen aanbidding en die vorming van dissipels van Jesus Christus?

- Ons hoor by baie respondente 'n diepe waardering vir die eredienste: *"Die Gees van die Here is teenwoordig in elke erediens, en elke erediens is 'n geleentheid wat ons help om te groei as dissipels van Jesus." en: "Verseker groei ons in geloof – daarom het ons 'n behoefte om daar te wees."* Waar sien julle reeds dat God mense vorm deur die erediens? Hoe vier julle hierdie verhale en hoe skep julle ruimtes waar mense vir mekaar kan vertel hoe God deur die Woord en aanbidding in hulle lewe werk?

- Wat glo julle is die rol van prediking in die vorming van dissipels? Wanneer julle terugkyk oor 'n maand of 'n reeks eredienste: Watter soort mense hoop julle word deur hierdie prediking gevorm?

- Wat hoor julle by respondente wat 'n verlange uitspreek na groter Skrifdiepte en Christusgesentreerde prediking? Hulle sê: "*Meer Skrifgetroue prediking is nodig.", "Ek mis die leiding tot groei. Ek mis die diepte in die leiding van die erediens.", "Dissipelskap is nie hoe goed en gaaf lyk my lewe nie. Dit is eerder hoe lyk my oorgawe aan die Here."* Wat hoor julle in hierdie opmerkings?

- Daar is verskillende belewenisse rondom die verskeidenheid predikers. Sommige respondente ervaar die verskeidenheid as 'n geskenk, terwyl ander 'n behoefte aan meer kontinuïteit uitspreek. Hoe help julle die verskillende predikers om saam 'n groter geloofsvormende reis met die gemeente te stap? Hoe kan daar, selfs met verskillende stemme op die kansel, 'n gevoel van geestelike rigting en voortgaande dissipelskap wees?

- Wat beteken "*gewydheid*" vir julle gemeente? Hoe kan julle ruimte maak vir stilte, eerbied en verwondering oor God, sonder om die warmte en spontane familie-atmosfeer wat mense so waardeer, te verloor?

- Ons hoor dat koinonia een van Paradysstrand se grootste gawes is. Hoe kan hierdie besondere gawe van gemeenskap nog meer doelbewus gebruik word om dissipels te vorm? Hoe beweeg julle van 'n gemeente wat lekker saam kuier, na 'n gemeente waar mense mekaar help om Jesus meer getrou te volg?

- Dit is opvallend dat verskeie respondente vertel dat hulle groei veral ná die erediens gebeur deur groeigroepe en geloofsgesprekke. Hoe kan julle meer ruimtes skep waar lidmate saam oor die Woord praat, bid en hulle geloofslewe met mekaar deel?

**Vraag 3: Vertel van 'n ervaring tydens 'n erediens waar jy besonders bewus was van die lewende God se teenwoordigheid**

Die terugvoer wys dat respondente God se teenwoordigheid op verskillende maniere in die erediens beleef. Vir baie is daar 'n diep waardering vir eredienste as ontmoetingsruimtes met God, terwyl ander eerlik verwoord dat sekere elemente hulle eerder verhinder om God se teenwoordigheid te ervaar.

Die volgende temas kom sterk na vore:

- ***God se teenwoordigheid word veral deur Skrifgetroue Woordverkondiging beleef***

Die mees prominente tema (x12) is dat respondente God ontmoet deur die **verkondiging van die Woord**. Wanneer die teks goed uitgelê word en die fokus op Christus val, ervaar mense dat God self met hulle praat. Hulle vertel:

- *"Met prediking van sommige emeriti is teksuitleg goed en laat dit jou in die teenwoordigheid van die Here voel."*
- *"Gewoonlik met Woordbediening. Die Here praat met jou deur die gesproke Woord."*
- *"Boodskappe deur* [redacted] *tydens Pinksterreeks het ons aan die hart geraak. Ons het ervaar dat die Here self hier diep binne-in ons praat."*

Verskeie persone (x12) verwys na spesifieke eredienste waar die boodskap hulle persoonlik aangespreek het, oa:

- *"Ek het 'n stuk bevryding ervaar met die teks van Jes.62. 'Gooi klippe in jou lewe weg. Ou dinge is verby.'"*
- *"Ek was moeg en uitgeput en daardie Sondag is ek moed ingepraat… Jy ervaar die Heilige Gees is hier, en Jesus is hier!"*

- ***Lofprysing en sang is 'n belangrike draer van Godservaring***

Daar word ook baie klem gelê op die rol van **musiek, sang en lofprysing**. Vir baie respondente (x8) is dit juis tydens sang dat hulle God se teenwoordigheid diep beleef, nl: *"Die sang gee vir my die belewenis van die Heilige Gees.", "Soms woorde uit lied wat gesing word. Nie noodwendig met prediking nie.", "Dit gebeur dikwels dat ek onder die preek, of terwyl ons sing bewus word van God se teenwoordigheid – veral die sang.", "Die momente in die sang tydens die erediens.".*

Lofprysing word beskryf as iets wat mense dra en versterk: "*Lofprysing word hartlik saamgedoen, dis besielend en versterkend.*"

Daar is egter ook verskillende behoeftes rondom musiekstyle. Sommige ervaar veranderinge in lofprysing as moeilik: "*Die Engelse liedere is nie vir my lekker nie… Ek verkies om Hom só te dien, soos ek wil.*"

- ***Sakramente en simboliese handelinge skep diep ontmoetingsmomente***

Respondente (x4) vertel ook dat hulle God se teenwoordigheid ervaar deur **Nagmaal, doop en simboliese handelinge**. Hulle verwys na:

- *"Onlangs tydens 'n Nagmaalsdiens het ek bewus geword van wat die Here Jesus moes deurmaak met sy lydenspad. Dit was asof ek sy liggaam geëet het en sy bloed gedrink het."*
- *"Eendag toe ek hoor dat ek my hande kan oophou tydens die seën om so simbolies die Here se belofte te ontvang."*
- *"By die doop die afgelope naweek het dit gevoel asof die Here self daar was om die kindjie te ontvang."*

Hieruit blyk dat mense nie net deur woorde nie, maar ook deur **rituele, simbole en liggaamlike deelname** God ontmoet.

- ***Gemeenskap en verhoudings maak God se teenwoordigheid sigbaar***

Sommige respondente (x7) ervaar God se teenwoordigheid nie net deur die formele liturgie nie, maar ook deur die **gemeenskap van gelowiges**, nl: *"Om saam met ander te aanbid. Dit is mos die gemeenskap van die gelowiges.", "Die warmte in ons verhoudings laat ons voel of die Here by ons is. Dit is 'n familie."* Die gemeente se omgee en verbondenheid dra by tot 'n ervaring van God: "*As ons op 'n Sondag nie die erediens bywoon nie, vra iemand gou waarom jy nie daar was nie. Ons ken almal mekaar.*"

- ***Die erediens as plek van persoonlike transformasie en roeping***

Verskeie respondente (x8) beskryf dat eredienste hulle verander, rigting gee of tot aksie roep:

- *"My onlangse ervaring van hoe God onwilligheid na gewilligheid verander. Ek staan verwonderd daaroor."*
- *"Daar was al sovele kere in die erediens dat ek antwoorde gekry het by die Here."*
- *"Die afkondiginge roep 'n mens op tot dade en betrokkenheid. Die Heilige Gees kom druk sekere dinge op jou hart."*

- ***Belewing van hindernisse wat ervarings van God se teenwoordigheid beïnvloed***

Agt respondente vertel dat hulle sukkel om God se teenwoordigheid in eredienste te beleef. Hierdie terugvoer fokus hoofsaaklik op predikingstyl en liturgiese begeleiding. Hulle vertel:

- *"Ek word nie van God se teenwoordigheid bewus nie. Predikers se taal en stories en hulleself as voorbeelde voorhou en hulle getuienisse maak my gespanne."*
- *"Dit gaan oor die mens op die kansel eerder as bewus word van God se teenwoordigheid."*
- *"Daar is te veel goed wat die aandag van God aftrek. Dit maak dit moeilik om die erediens te beleef."*
- *"Ek beleef min van die begeleiding tot verootmoediging en aanbidding in die erediens."*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Hoe kan die erediens só ingerig word dat mense kan sê: "*God was hier, en ek het God ontmoet*"? Watter elemente in julle huidige eredienste help mense die meeste om bewus te raak van God se teenwoordigheid? Watter elemente trek moontlik die aandag weg van God?

- Hoe verseker julle dat prediking nie net informatief of inspirerend is nie, maar ook vormend en transformerend? Het julle ‘n eredienswerkgroep waarin meer mense saam kan dink en droom oor die erediens en ‘n ontmoeting met die lewende God?

- Is daar genoeg ruimte vir verskillende liturgiese momente soos:
    - stilte?
    - skuldbelydenis/verootmoediging?
    - gebed?
    - verwondering?
    - reaksie op God se Woord?

  in julle eredienste?

- Lofprysing en aanbidding skep die ruimte vir ’n besondere ontmoeting met God, maar verskillende style kan ook spanning skep. Hoe beweeg ons gesprekke oor musiek weg van *“waarvan hou ek?*” na “*hoe aanbid ons God saam?*” Hoe kan nuwe liedere en bekende tradisies mekaar aanvul eerder as vervang? Hoe skep ons ruimte waar mense nie net sing nie, maar aanbid?

- Die terugvoer wys mense ervaar God op verskillende maniere:
    - deur stilte,
    - deur sang,
    - deur prediking,
    - deur gemeenskap,
    - deur sakramente,
    - deur diensbaarheid.

  Hoe maak julle ruimte vir verskillende spiritualiteitstipes? Wie (sal julle sê) floreer tans in julle eredienste – en wie sukkel dalk? Hoe luister julle na die stemme wat sê: “*Ek ervaar nie God se teenwoordigheid hier nie*”?

- As iemand ná ’n erediens uitstap, wat hoop julle het gebeur: dat hulle ’n goeie diens beleef het, of dat hulle die lewende God ontmoet het? Waar dink julle lê die verskil?

**Vraag 4: Op watter manier(e) word gemeentelede tydens die erediens gelei om God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees, te aanbid?**

Uit respondente se antwoorde blyk dit of daar ‘n diep waardering vir Woord, sang, gebed, geloofsbelydenis en die gemeenskaplike karakter van aanbidding teenwoordig is. Terselfdertyd openbaar die terugvoer ’n gemeente wat besig is om te onderskei hoe om getrou te bly aan ’n ryk gereformeerde erfenis, terwyl eredienste steeds vars, toeganklik en vormend vir nuwe geslagte bly.

Die blyk asof die **klassieke liturgie** van gereformeerde aanbidding (x16) belangrik is vir die manier waarop die erediens ingerig word, nl:

- nader tot God,
- erken ons afhanklikheid,
- ontvang genade,
- luister na die Woord,
- antwoord in geloof.

Dit kom sterk na vore in opmerkings soos: “*Die liturgie. Naderkom, lees van die wet, skuldbelydenis, die 12 artikels en die uitleg van die Bybel.*” en: “*Die formaat van ons erediens – wet-skuldbelydenis-geloofsbelydenis-preek help om die erediens te beleef.*” ’n Ander respondent beskryf die dieper betekenis daarvan: “*Gereformeerde Liturgie beteken: ‘Trek vuil klere uit en raak gereed vir ontmoeting met die Here.’ Soek waardigheid, eerbied en ontsag in die erediens.*”

Respondente (x11) spreek die verlange uit dat die erediens ’n ruimte van heilige ontmoeting sal bly. Hulle gebruik woorde soos:

- *“waardigheid”,*
- *“eerbied”,*
- *“ontsag”,*

- *"aanbidding*".

Daar word verder verduidelik: "*Die geloofsbelydenis is NB. Dit is die as waarom alles draai.*", "*Die wet, sondebelydenis, vergifnis en geloofsbelydenis [is] so 'n integrale deel wat ek ervaar, afgeskeep word.*" en "*As daar van die elemente van die erediens uitgelaat word, soos die wet of geloofsbelydenis, dan voel dit leeg en of daar iets kortkom.*"

Respondente (x12) openbaar 'n sterk gereformeerde kultuur waarin die Woord sentraal staan. Hulle vertel:

- *"Teks wat gelees word is heilige tyd. Om die lewende Woord te lees, gebeur daar iets met jou."*
- *"Die boodskappe deur die preek kom goed en verstaanbaar deur. Ons kan juig oor die verlossing."*

Die **rol van gemeentesang** (x13) speel 'n belangrike rol as ruimte waar mense saam deelneem en waar geloof tot uitdrukking kan kom, bv: *"Die beste manier om die Here te ontmoet is met sang. Dit maak jou bewus dat jy in die ontmoetingsplek met God is.", "Met die sang is dit asof daar opregtheid is en die mense dit geniet om die Here te loof."* en "*Ons stemme word saam een stem voor God.*"

Daar is besondere waardering vir die begeleiding: *"Ons het 'n goeie orrelis, wat die gemeente verstaan. Sy speel so, dat ons opgewonde saam sing." en "Die begeleiding van die liedere is pragtig, die hartlike saamsing is só inspirerend."*

Aanbidding blyk verstaan te word as iets waaraan die gemeente saam deelneem, nl: "*Ons neem deel aan die liturgie. Ons bid saam, sing saam en luister saam.", "Sang. Musiek en lidmate se deelname aan liturgie en gasvryheidsbediening met teedrink na die erediens."* Selfs die saam-wees na die erediens word gesien as deel van die aanbiddingservaring.

Daar is egter ook terugvoer dat sekere elemente soms die vloei van aanbidding versteur. Respondente (x3) ervaar dat sekere kommunikasie-elemente die fokus verskuif, hulle bring die volgende onder ons aandag:

- *"Die aanbiddingsatmosfeer word gereeld deur kollekte en afkondigings onderbreek."*
- *"Die klomp afkondigings voor die diens neem onnodige tyd in beslag."*
- *"Daar is te veel stories en illustrasies wat die aanbidding ontsier."*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Hoe kan julle eredienste só inrig dat elke woord, lied, stilte, gebed en handeling die gemeente help om saam in die verhaal van Vader, Seun en Heilige Gees ingetrek te word – en van daaruit gestuur te word na die wêreld?

- Daar word vertel dat wanneer die Woord oopgaan, mense verwag dat God praat. Die uitdaging is om hierdie Woordgesentreerdheid so te behou dat prediking nie net kennis oordra nie, maar dissipels vorm. Hoe dink julle sou julle dit kon doen?

- Ons hoor die verhaal van 'n gemeente wat nie as 'n gehoor die erediens bywoon nie, maar van 'n familie wat saam voor God verskyn. Hoe kan julle nog meer mense innooi en toerus om aktiewe deelnemers in die erediens te wees, eerder as passiewe ontvangers?

- Wat dink julle hoort binne die beweging van aanbidding (liturgie), en hoe word praktiese gemeentekommunikasie só hanteer dat dit die ontmoeting ondersteun eerder as breek?

- 'n Onderliggende spanning kan dalk die verhouding tussen bekende gereformeerde vorme en nuwe uitdrukkings wees. Hoe sou julle onderskei tussen:
    - vorme waaraan ons gewoond is, en
    - geloofspraktyke wat ons help om God te ontmoet?

  Watter "*ou*" tradisies dra steeds lewe en geloofsvorming? Watter praktyke vra nuwe taal of nuwe uitdrukking? Hoe kan geloofsvormende praktyke verander sonder dat mense voel hulle

verloor iets kosbaars? Hoe "*bewaar*" julle sonder dat tradisie belangriker raak as ontmoeting met God?

**Vraag 5: Vertel van 'n situasie waar daar spanning of verskillende menings was oor iets in die erediens (bv. musiek, liturgie, styl van aanbidding). Hoe is dit hanteer, en wat was die uitkoms?**

Die terugvoer wys dat baie respondente (x12) nie noodwendig spanning tydens die erediens ervaar nie. Verskeie respondente sê die eredienste self bly positief, hartlik en betekenisvol. Die spanning lê eerder rondom veranderinge aan die aanbiddingsruimte, besluitnemingsprosesse, kommunikasie en die gevoel van inspraak en erkenning. Een respondent verwoord dit as volg: "*Daar was geen spanning of meningsverskille in die erediens nie. Daar is wel dinge wat buite die erediens plaasvind en wat 'n groot invloed het op 'n mens se eredienssbywoning en belewenis.*" Nog iemand sê: *"Tydens die eredienste is daar GEEN spanning nie, dis hartlik en besielend. Oor die ou orrel is daar egter groot ongelukkigheid in die gemeente."*

Dit lyk vir ons die kernvraag agter baie van die response gaan nie bloot oor: 'Moet daar 'n orrel wees of nie?' maar eerder: 'Hoe neem ons as geloofsgemeenskap saam besluite?'

Die mees prominente tema is die gesprek oor **die installering van die orrel** (x16). Hoewel die orrel dikwels genoem word, wys baie response dat dit 'n simbool geword het van dieper vrae oor vertroue, kommunikasie en behoort. Een respondent stel dit eksplisiet: "*Orrel is egter net die katalisator wat al die ander probleme op die tafel sit.*" Nog iemand beskryf: "*Die nuwe Orrel is die olifant in die vertrek. Veroorsaak groot spanning.*" Verskeie persone ervaar dat die proses tov die besluit hulle meer geraak het as die instrument self, hulle vertel: *"Die saak is nie goed hanteer en ontvang nie. Paradysstrand word nie gehoor nie.", "Dit voel vir hom die orrel word op hulle afgedwing.", "Alles kom van bo af en ons moet net inval.", "Orrel is met verskuilde agenda na ons gebring."*

Die **verandering aan die fisiese ruimte** (x8) waarin die erediens plaasvind word ook deur respondente uitgelig. Een respondent sê: "*Ons is mense, nie die geboue nie.*" Die moontlike verandering van die ruimte wek sterk emosie: "*Moet asb nie die kerk omdraai of skuif dat ons van agter inloop nie, ons wil mekaar sien en groet as ons inkom in die kerk.*" Nog iemand sê oor die inrigting van die ruimte: "*Die unieke manier waarop 'n vroulike lidmaat die aanbiddingsruimte in Paradysstrand mooi gemaak het, het spanning gebring.*"

Ons hoor egter ook dat baie response (x10) nie noodwendig gaan oor die inhoud van besluite nie, maar oor **hoe besluite geneem en gekommunikeer word** en hoe dit mense laat voel. Hulle vertel:

- *"Hierdie saak het groot wantroue geskep."*
- *"Wie moet ek nou vertrou?"*
- *"Kommunikasielyne na Paradys se mense is afgesny."*

Daar word ook melding gemaak daarvan dat respondente (x5) nie beleef dat gesprekke voldoende bespreek of afgehandel word nie. Een respondent beskryf dit as volg: "*Gesprek met gemeenteraad daarna was onverwags… 'n Versoeningsgesprek is versoek… Tog is vertroue nog nie voluit herstel nie."*

'n Verdere onderliggende tema is die verhouding tussen **eenheid en verskeidenheid** (x8) binne die verskillende kampusse. Een respondent beskryf dit: "*Ons is 1 Kerk, met 3 kampusse.*" Ander beleef dat eenvormigheid hulle unieke identiteit bedreig: "*Die dwang dat die kampusse se liturgiese ruimtes dieselfde moet wees. Daar is nie ruimte vir unieke uitbeelding by ons kerkruimte soos voorheen nie.*"

Daar blyk **waardering** te wees **vir bestaande vorm van aanbidding** (x14). Respondente vertel: "*Ons is gelukkig soos die aanbidding en lofprysing was.*" en "*Ons was en is gelukkig met die musiek begeleiding soos dit was. Die samesang is hartlik en met oorgawe.*" Daar is dus 'n gevoel: "*Moenie verander wat lewe gee nie.*"

Daar word ook vertel van **spanning wat positief hanteer** is. Daar word byvoorbeeld van tegniese probleme vertel: *"Die probleem is aangespreek en die tegnologie is verbeter."* Nog iemand sê: *"Op 'n stadium was die klank in die kerk 'n probleem. Dit is vinnig en effektief opgelos."*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Dit wil voorkom asof daar onder die praktiese vrae oor ruimte, koste en musiek ‘n dieper behoefte by respondente is, oa dat hulle deel wil wees van besluite wat hulle geloofsruimte raak, hulle wil voel dat hulle stem tel, hulle wil nie net ingelig word nie, maar wil graag saam onderskei. Hoe sou leierskap kon beweeg van besluitneming namens mense na onderskeiding saam met mense?

- Die lyk vir ons of julle uitdaging nie net konflikhantering is nie, maar die bou van vertroue. Vertroue herstel dikwels nie wanneer ’n besluit verduidelik word nie, maar wanneer mense ervaar: my storie is gehoor, my pyn word erken en ons verhouding is belangriker as die uitkoms. Waar en hoe kan julle meer sulke ruimtes skep waarin mense juis dit kan doen?

- Hoe dink julle oor eenheid sonder eenvormigheid. Vir ‘n multikampus-kultuur sou julle voortdurend met mekaar kon gesels oor:
  - Wat bind ons almal saam?
  - Waar kan plaaslike uitdrukking verskil?

- Verandering kan moeilik wees wanneer mense nie verstaan hoekom dit nodig is nie, watter probleem opgelos word nie of watter groter roeping dit dien nie. Hoe kan julle ‘n groter gedeelde verstaan van God se roeping in julle midde uitleef waarin die veranderinge wat plaasvind sin maak?

- Hoe kan julle saam leer om moeilike gesprekke nie as ‘n bedreiging vir eenheid te sien nie, maar as ‘n geleentheid waar julle beter na God en na mekaar kan luister?

**<u>Vraag 6: Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente se aanbidding en erediens? Wat gee jou hoop?</u>**

***Wat maak respondente angstig?***

Die tema wat die sterkste (x17) na vore kom is die vrees dat die konflik en spanning die **eenheid en familie-identiteit** van die gemeente beskadig. Respondente beskryf nie net ’n meningsverskil nie, maar ’n verlies aan iets kosbaars wat hulle vroeër beleef het, nl:
- *“Ons was eengesind, maar nou word ons uitmekaar getrek. Mense dreig om uit die kerk weg te gaan. Ons is bekommerd omdat ons mekaar so liefhet.”*
- *“Die onenigheid in die kerk (wat voorheen soos ‘n groot familie gevoel het), voel nou na ‘n skeuring in die kerk.”*

Die moontlikheid dat mense kan wegbeweeg, veroorsaak groot kommer: *“Daar is mense wat dreig om weg te breek. Die dreigende skeuring… maak hom ongelukkig. Dit gaan dié wonderlike saamwees opbreek.”, “Mense wat teen mekaar draai. Daar moet harmonie wees!”*

Daar is ook ‘n sterk gevoel onder respondente (x9) dat daar ’n **vertrouensbreuk** ontstaan het tussen sommige lidmate en die leierskapstrukture. Respondente gebruik sterk taal wanneer hulle hieroor vertel: “*Ek word angstig dat daar ’n vertrouensbreuk tussen die leierskap ‘hoofkantoor’ en ons by Paradysstrand [is].*” ’n Ander persoon sê: “*Vertrouensbreuk van Fokusgroep en Gemeenteleiers is onherstelbaar.*” Daar is ook onsekerheid oor bedoelinge: “*My angstigheid lê by die Kerkraad, omdat ek nie weet wat hulle wil doen nie. Wil hulle die seerkry-mense verder benadeel?*”

Daar is angstigheid oor ‘n gevoel van nie gehoor word nie en oor besluite wat “*afgedwing*” word. Respondente (x8) verwoord die ervaring dat veranderinge **van bo af** gebeur eerder as deur gedeelde onderskeiding, nl:
- *“Die feit dat die Gemeenteraad geen insig het van wat hier gebeur nie en dat alles op ons afgedwing word.”*
- *“Alles wat vir Kompleks werk, kan nie noodwendig ook hier werk nie.”*
- *“Ons kry die gevoel dat die Gemeenteraad iets op ons wil afdwing, sonder dat hulle ’n verhouding het met die mense in Paradysstrand.”*

- *“Die voorskriftelikheid pla baie. Ander mense sê vir ons wat ons moet doen.”*

’n Verdere tema is die spanning tussen **een gemeente en verskillende bedieningspunte**. Daar word oa vertel: *“Paradyskampus wil graag eienaarskap van die bediening hier kry.”, “Erkenning van drie bedieningspunte in die gemeente se eie uniekheid en identiteit is belangrik.”.*

Verskeie respondente (x11) verbind die toekoms van aanbidding met pastorale teenwoordigheid en verhoudings. Hulle sê: *“Belewenis is dat hier nie pastorale bediening is nie. Daar is ’n behoefte aan ’n pastorale familiebediening-‘dominee’.”* Nog iemand sê: “*Die huisbesoek en siekebesoeke wat opgehou het.”* en *“Paradysstrand het geen leraar met wie daar so ’n verhouding is dat mense hom/haar sal bel in tyd van nood en krisis nie. Dit maak my angstig.”*

’n Laaste belangrike tema is die bekommernis wat sommige respondente (x3) het dat die fokus kan wegskuif van God. Hulle vra: *“Waarmee is ons uiteindelik besig? Gaan dit werklik oor die Here?”, “Die kerk word ’n besigheid, en is nie meer daar om God alleen te dien nie.”, “Moet tog oor God se eer gaan.”*

***Wat gee respondente hoop?***

Die sterkste hoop lê vir respondente (x13) nie in strukture of oplossings nie, maar in **geloof**. Hulle sê:
- *“Die Here sluimer of slaap nie.”*
- *“Ons kerk is gebou op die rots van Petrus. Ons moet bid en daar is hoop op heling.”*
- *“My hoop vir die toekoms is my geloof – my verhouding met Jesus Christus.”*
- *“Jesus staan sentraal. Die aandag en fokus op Hom as die Verlosser wat weer kom.”*

Die **luisterproses** self word deur verskeie respondente (x7) as ’n teken van hoop ervaar, nl:
- *“Tog gee hierdie luisterproses ons hoop.”*
- *“Hierdie luistergesprek gee hoop. Ek bid vir ’n oplossing.”*
- *“Die luistergesprekke – inisiatief gee my hoop.”*
- *“Ek kry hoop as daar met begrip na my geluister word.”*

Respondente (x14) spreek die verlange uit dat die **gemeenskap sal herstel**, oa: *“Dat dinge weer kan terugkeer na vrede en liefde in die gemeente.”, “Die probleem moet tog opgelos kan word, dat ons weer die wonderlike gemeenskap van gelowiges kan wees.”, “Sy hoop dat dit wel uitgepraat, en uitgeklaar kan word, sodat die gelukkige ervaring van samesyn weer so kan wees.”*

Respondente (x18) sien steeds baie goeie dinge raak. Hulle vertel oa:
- *“Ek raak hoopvol as ek die atmosfeer beleef. Die musiek en sang is baie goed.”*
- *“Wat my hoop gee, is dat baie mense kerk toe kom. Die saal is elke Sondag vol of byna vol.”*
- *“Christene wat bymekaar kom en soek na groei. Die gemeente wat groei.”*
- *“Betrokkenheid by die gemeente is tops.”*
- *“Ons is bekommerd omdat ons mekaar so liefhet.”*
- *“As klein gemeente werk ons beter saam.”*
- *“Paradysstrand staan soos ’n familie bymekaar.”*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Dit lyk vir ons asof daar ‘n groot behoefte is aan mede-verantwoordelikheid, na ‘n saam luister voordat besluite geneem word, ‘n groter verstaan van die plaaslike konteks en ‘n erkenning van die unieke identiteit. Hoe sou leierskap al hoe meer saam met Paradysstrand as ‘n geloofsfamilie hierdie reis kon onderneem?

- Hoe dink julle oor die opmerking wat ‘n respondent maak: *“Paradysstrand het geen leraar met wie daar so ’n verhouding is dat mense hom/haar sal bel in tyd van nood en krisis nie. Dit maak my angstig.”*

- Hoe dink julle oor mense se diepste verse wat in hierdie vraag navore kom, nl:
    - Ons verloor mekaar.

- Ons word nie gehoor nie.
    - Ons identiteit verdwyn.
    - Ons raak ’n organisasie eerder as ’n geloofsfamilie.
    - Christus skuif uit die sentrum.

- Hoe kan leierskap die angs wat teenwoordig is onder mense omskep in ‘n vormende geleentheid waar saam ontdek word wie Christus hulle roep om as geloofsfamilie te wees?

**<u>Vraag 7: Hoe ervaar jy en ander die veranderinge wat die afgelope 3–5 jaar in die erediens plaasgevind het</u> (bv. liturgie, musiek, tegnologie, betrokkenheid van lidmate)?**

Ten spyte van verskillende gevoelens oor verandering, is daar respondente (x10) wat sê dat die kern nie eintlik verander het nie: “*Alles is maar nog dieselfde en alles is 100% reg.*” en “*Die veranderinge is nie noodwendig altyd beter of slegter nie. Ons aanbid nog steeds die Lewende Here. Ons lewe steeds toegewyd aan die Here. Ons sal nie ons kerk weggooi nie.*”

Die terugvoer wys verder dat respondente se ervaring van verandering veelvlakkig is. Baie respondente (x13) beleef sekere veranderinge positief – veral tegnologie, beter hulpmiddels, musiek en die vloei van eredienste.

Verskeie respondente (x15) wys ’n openheid teenoor verandering en erken dat ’n gemeente nie staties kan bly nie. Hulle vertel:

- *“Veranderinge skep soms probleme… Tog kan ons nie stagneer nie. Solank ons by riglyn bly = Woord van God.”*
- *“Geen spanning. Ons pas aan by die tyd. Tegnologie word goed gebruik.”*
- *“Verandering is geen bedreiging nie. Veranderinge kan positief aangewend word.”*

Daar is groot waardering vir die **verbetering van tegnologie** (x14) wat die gemeente help om makliker deel te neem aan aanbidding. Daar word vertel: *“Daar was heelwat verbeteringe aangebring. Die verbeterde tegnologie het die aanbidding gehelp.”, “Tegnologie het verbeter… Ek is oop vir veranderinge.”*. Verskeie respondente ervaar hierdie tegnologiese hulpmiddels as positief: *“Die tegnologie word goed aangewend. Die liedere en Skriflesings word vertoon. Die musiek en sang is goed. Die klank en beligting is goed. Dit help die vloei in die erediens. Dit help met meelewing en betrokkenheid.”* Nog iemand bevestig: *“Die gebruik van tegnologie in die erediens is goed, die liedere en Skriflesing is op die skerm, dit lees maklik, dit help om te fokus, meelewing is goed.”*

**Musiek** bly ’n belangrike draer van identiteit en geloofservaring. Tien respondente beleef die huidige musiek en sang in die gemeente as positief, oa:

- *“Die liturgie is beter. Musiek is altyd goed. Eunice doen baie moeite. Ek geniet die Vonkk, Flam en liedboekliedere wat so kosbaar gekies word.”*
- *“Geen probleem met die musiek en liedere nie… Ons sing lekker saam.”*
- *“Ons het ’n orreltjie en ons is daarmee tevrede. Ons verkies ons kerk. Solank hulle ons musiek nie verander nie, sal dit goed gaan.”*

Daar is ‘n verlange by respondente (x7) dat elke bedieningspunt ‘n unieke karakter sal hê. Die spanning word weereens beskryf tussen **een gemeente wees** en **ruimte vir plaaslike karakter hê**. Een respondent stel dit duidelik: *“Eenheid en eendersheid in die gemeente is nie dieselfde nie.”* Nog iemand sê: *“‘Branding’ van kampusse is nie noodwendig goed nie. Die eie identiteit van Paradys is NB.”* Ook: *“Verskillende style by verskillende kampusse is goed.”* ’n Ander respondent verwoord die vrees: *“Ons andersheid word nie erken nie. Ons wil nie ’n kloon van die Kompleks wees nie.”*

Negatiewe terugvoer handel nie noodwendig oor die veranderinge self nie, maar oor die ervaring dat **plaaslike betrokkenheid beperk** word. 8 uit 37 respondente verwys na die ervaring dat:

- plaaslike betrokkenheid beperk word,
- eie inisiatief minder ruimte kry,
- besluite van buite af kom,
- die unieke identiteit nie genoeg erken word nie,
- mense minder eienaarskap ervaar.

‘n Respondent verwoord dit as volg: “*Hier was ’n bedrywige vrouediens…Jy moet toestemming kry om enigiets te doen. Die mense wat leiding geneem het moes terugstaan. Dit lyk asof die mense wat oorgeneem het is te bang om iets te doen, want dan kry hulle moeilikheid.*” en ‘n ander vertel: *“Die inmeng en beheer en druk is negatief. Ons andersheid word nie erken nie. Ons wil nie ’n kloon van die Kompleks wees nie.”*

’n Verdere herhalende tema (x8) is dat sommige respondente bekommerd raak wanneer die erediens meer soos ’n organisasiegeleentheid as ’n aanbiddingsruimte voel. Daar word veral verwys na hoe die afkondigings gedoen word, nl:

- *“Afkondigings voor die diens is te lank… Videos is veral te lank.”*
- *“Die afkondigings is net te gekommersialiseerd.”*
- *“Oordrewe advertensies van die werksaamhede van die kerk in terme van die kostes, maak my ongemaklik. Dit help my nie om geestelik te groei nie.”*
- *“Kerk raak meer soos ’n besigheid.”*

Ander ervaar nie noodwendig die veranderinge binne die erediens self negatief nie, maar wel die wyse waarop verandering bestuur, gekommunikeer en geïmplementeer word.

Sommige respondente (x6) vind die verandering in predikers en bedieningstyl moeilik. Hulle vertel: *“Sy sukkel om die baie predikers te volg. Sy sou verkies om liewers 1 predikant beter te leer ken, om te help om die boodskappe makliker te volg.”, “Dit is ’n aanpassing met verskillende predikante wat diens kom doen, maar dit is ook goed.”*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Die uitdaging is nie óf eenheid óf verskeidenheid nie, maar eenheid mét ruimte vir unieke roeping en konteks. Hoe dink julle lyk ’n gesonde familie waar elke kind dieselfde van het, maar nie dieselfde persoonlikheid hoef te hê nie?

- Respondente meen dat die kern van gemeentewees nie verander het nie: *“Ons aanbid nog steeds die Lewende Here.”* Terselfdertyd erken ander: *“Ons kan nie stagneer nie.”* Wat dink julle is die kern van julle identiteit waaraan julle altyd moet vashou? Watter vorme of gewoontes moet verander sodat julle beter kan deelneem aan God se sending? Maw hoe bly julle gewortel in Christus, maar beweeglik genoeg om die Gees te volg?

- Die terugvoer wys dat weerstand dikwels nie teen verandering self is nie, maar teen hoe verandering beleef word: *“Die inmeng en beheer en druk is negatief.”* Hoe kan julle ruimtes skep waar lidmate vroeër deel word van saam luister, droom en onderskei? Hoe kan leierskap beweeg vanaf toestemming gee en beheer na toerusting en bemagtiging? Hoe kan lidmate mede-eienaars van bedieninge wees eerder as ontvangers van besluite? Hoe lyk leierskap wat nie net bestuur nie, maar die gawes van God se mense ontsluit?

- Respondente waardeer tegnologie, musiek en hulpmiddels wanneer dit deelname verdiep: “*Dit help die vloei in die erediens. Dit help met meelewing en betrokkenheid.*” Tog is daar kommer dat die erediens soms soos ’n organisasiegeleentheid kan voel. Die vraag wat julle moet antwoord is: help julle tegnologie, afkondigings, musiek en programme mense om God te ontmoet? Hoe kommunikeer julle oor gemeentelewe sonder dat aanbidding onderbreek word? Hoe maak ons seker dat die erediens mense vorm as dissipels eerder as net ingeligte lidmate? Wanneer mense die erediens verlaat, is hulle net beter ingelig – of is hulle gevorm en gestuur om Christus te volg? Hoe sou julle in die erediens kon kommunikeer oor bedieninge, finansies, organisering, ens sonder dat die erediens sy karakter van aanbidding verloor?

- Vir sommige respondente is die wisseling van predikers moeilik. Hoe help julle lidmate om deel van ’n geloofsfamilie te voel in ’n groter gemeentemodel? Hoe bou julle vertroue en verhoudings oor verskillende bedieningspunte heen? Hoe verseker julle dat groei en organisatoriese verandering nie persoonlike sorg verdring nie?

**Vraag 8[2]: Hoe beïnvloed veranderinge in die breër samelewing (bv. kultuur, tegnologie, generasieverskille) die manier waarop julle aanbid in die erediens?**

Verskeie respondente (x14) beklemtoon dat verandering in die samelewing nie hulle diepste identiteit verander nie. Hulle sê: "*Ons lees nog steeds ons Bybel, en ons aanbid nog steeds dieselfde Here.*" Nog iemand beskryf die gemeentelewe: "*Die gemeente aanbid en dien die Here. Die gemeente is betrokke by mense in die gemeenskap, gee om vir mekaar, deel in mekaar se lief en leed, bid saam en bid vir mekaar, dra mekaar in gebed, eet en kuier saam.*" en ook: "*Die veranderinge in die samelewing raak ons nie regtig nie, ons dien die Here en staan saam om 'n verskil in mense se lewens te maak.*"

Respondente (x11) verwoord 'n openheid vir verandering, maar met die voorwaarde dat dit geloofsvormend moet wees. Hulle sê:

- *"Ons is nie teen verandering en vernuwing nie."*
- *"Verandering is nodig en is nie hier 'n probleem nie."*
- *"'n Mens moet aanpas, anders val jy weg. Verandering bly nodig."*
- *"Ons pas aan by die tyd."*
- *"Daar moet verander word ter wille van noodsaaklikheid, maar nie om sekere mense se giere te bevredig nie."*

'n Herhalende bekommernis (x9) is dat kulturele veranderinge die identiteit van aanbidding kan verander. Sommige respondente vrees dat die kerk te veel deur populêre kultuur gevorm word, nl:

- *"Eredienste is 'n gewyde geleentheid en nuwe dinge kan die gewydheid laat verdwyn."*
- *"Aanbidding verandering moet die beginsel wees van die kerk moet die wêreld verander en nie die wêreld moet die kerk verander nie."*
- *"Dit wat soms in ons erediens gebeur lyk vir my soos 'n 'copy-cat' van Amerika. Dit voel vir my verkeerd."*
- *"Ons het nie 'entertainment' nodig om nader aan die Here te kom nie. Ons het die Here nodig."*

Een van die duidelikste positiewe temas (x7) is dat tegnologie aanvaar en waardeer word. Respondente vertel: *"Tegnologie is wel nuut. Maak lidmate gemaklik.", "Die tegnologie het baie verbeter, maar daar is steeds hakplekke.", "Die gebruik van die tegnologie is goed.".* Daar is egter ook 'n bewussyn dat tegnologie altyd 'n dienende rol moet hê: "*Dit werk goed, alhoewel die data-klank mense regtig baie sukkel as hulle alles goed voorberei het, en die predikant dan op nommer 99 met veranderinge kom.*"

Paradysstrand word as 'n oorwegend ouer gemeenskap beskryf en dat dit wel 'n invloed op werksaamhede het (x9): "*Ons aanbidding bly maar dieselfde, waarskynlik omdat ons meestal 'n klomp ou mense / afgetredenes is.", "Ons is 'n gemeenskap met meestal ouer mense, en gesinne wat kinders het, woon die dienste by die Kompleks by.", "Die feit dat daar te min kinders in hierdie omgewing is, maak dat ons nie kategese aanbied nie."* Tog is daar 'n duidelike openheid teenoor jongmense: *"Dit is lekker om jong mense in ons erediens te verwelkom. Ek is lief vir die jong mense."* en: "*Die jongmense is vir ons baie belangrik, en baie welkom, en skakel ook maklik in. Generasie verskille is 'n groter wins as verlies.*"

Respondente (x7) noem dat mense van ander agtergronde verwelkom word, nl:

- *"Anderskleuriges en ander kulture is welkom in die erediens. Hulle word ontvang en met respek behandel."*
- *"Daar was al mense van ander kultuur en hulle is verwelkom."*

Daar is egter ook 'n belangrike selfrefleksie:

- *"Paradysstrand brei uit en meer jonger mense trek in, maar raak nie betrokke nie. Moontlik het dit te doen met die eng Afrikaanse taal en kultuur van die meeste inwoners."*

---

[2] **Slotopmerking:**
Wanneer die response oor Vraag 1–8 saamgelees word, blyk dit dat respondente oorwegend konsekwente storielyne handhaaf. Die meerderheid respondente vertel 'n positiewe verhaal van Paradysstrand as 'n warm geloofsfamilie waar hulle God ontmoet en geestelik groei. Die meer kritiese opmerkings kom hoofsaaklik uit 'n kleiner groep respondente, (5–7 respondente, ±15–20%), wat dieselfde bekommernisse oor liturgie, verandering, kommunikasie en besluitnemingsprosesse deur die vrae heen herhaal.

’n Laaste belangrike tema (x8) is dat verandering altyd binne verhoudinge moet gebeur: *“Ons is nie bang vir veranderinge nie, maar dit moet nie ten koste van die omgee vir mekaar deurgeforseer word nie.”, “As jou eie begeerte meer belangrik raak as jou mede broers en suster, dan is jy op ’n slegte plek.”*

**Vrae en besprekingspunte vir oorweging:**

- Hoe onderskei julle as gemeente watter dinge onveranderlik deel is van julle identiteit in Christus, en watter dinge moet verander sodat julle getrou kan bly aan God se roeping in julle veranderende wêreld?

- Waarmee sou julle sê is God besig in julle gemeenskap? Waarheen nooi God julle geloofsgemeenskap om by aan te sluit?

- Die “Godsvraag” wat ons saam met julle wil vra, is: Hoe is God teenwoordig in al veranderinge in die omgewing waar julle woon en werk?

- Hoe kan Paradysstrand se sterk gemeenskap, omgee-kultuur en ouer generasie ’n gawe word waarmee jonger mense en nuwe mense ingenooi en gevorm word? Hoe dink julle leef ’n ouer geloofsgemeenskap steeds met ’n roeping na ‘n jonger generasies?

- Dink julle dat mense buite die bestaande kultuur van julle gemeente ook voel dat daar vir hulle plek is by julle?

* * *

Liewe broers en susters in Christus

Ons glo dat die drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – julle as geloofsfamilie by ’n belangrike stilhouplek gebring het. ’n Stilhouplek waar julle genooi word om nie net na mekaar te luister nie, maar veral saam te luister na wat die Gees vir die gemeente sê.

Hierdie luisterproses het vir ons die verhaal vertel van ’n gemeente wat oor baie jare gevorm is deur God se genade. Ons het ’n gemeente ontmoet wat woorde gebruik soos: familie, warmte, omgee, gasvryheid, gebed en saamwees om hulle lewe saam te beskryf. Hierdie is nie klein gawes nie. Dit is tekens van God se teenwoordigheid tussen julle.

Julle staan egter ook voor ’n nuwe seisoen – ’n kairos-tyd waarin God julle uitnooi om met wysheid en onderskeiding te vra: Wat moet ons koester omdat dit lewe gee? Wat moet ons losmaak omdat God ons verder wil vorm? En watter nuwe dinge roep die Gees in ons midde op?

Ons hoor julle liefde vir die erediens as ’n heilige ontmoetingsruimte met God. Ons hoor julle verlange dat die Woord sentraal sal bly, dat aanbidding eg sal wees, dat Christus verhoog sal word en dat die erediens mense sal vorm om dissipels van Jesus Christus te wees.

Mag julle in hierdie volgende seisoen nie vra: “Hoe behou ons alles soos dit was?” of “Hoe verander ons alles?” nie, maar eerder: “Waarmee is God reeds besig in Paradysstrand in NG Jeffreysbaai, en hoe sluit ons getrou daarby aan?”

Ons gebed is dat die lig van Christus só deur julle sal skyn dat dit verby julle eredienste, geboue en bekende ruimtes sal beweeg – na bure, vreemdelinge, jonger geslagte en elke mens wat verlang om God se liefde te ervaar.

Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees.

Ds Ankia du Plooÿ
(namens die luisterspan)
Stellenbosch
Junie 2026